

Soos verlede jaar is dit weer duidelik dat ons kandidate ? agterstand het as gevolg van gebrekkige kennis in die vroeër grade. Die algemene gebruik van elektriese gereedskap het veroorsaak dat kandidate al minder handgereedskap gebruik met ? gevolglike afname in kennis t.o.v. handgereedskap. Baie van die vrae is verkeerd beantwoord omdat kandidate nie die vrae volledig lees nie. Dit is baie duidelik dat die kandidate 'n geweldige lees-agterstand het.

VRAAG 1

Hierdie vraag is swak beantwoord deur ongeveer 85% van die kandidate.  
Baie kandidate het nie die instruksies vir hierdie vraag gevolg nie.  
Dit is duidelik dat kandidate by baie vrae nie die opsie van eliminasië gevolg het nie.  
Die sketse t.o.v die defekte in hout was van 'n swak standaard.

VRAAG 2

Hierdie vraag is swak beantwoord.  
Kandidate ken nie die name en gebruike van skawe nie.  
Dit is duidelik dat min kandidate al 'n swaeltstertvoeg gemaak het.

VRAAG 3

Hierdie vraag is swak beantwoord.  
Min kandidate het vraag 3.2.2 reg gelees en het waardevolle punte verloor.  
Minder as 50 kandidate weet wat die belyningspen van 'n bandsaag is.  
Min kandidate het genoem dat 'n lap met rafels gevaarlik is om olie op 'n draaibank aan te wend.

VRAAG 4

Hierdie vraag is redelik tot swak beantwoord.  
Kandidate ken glad nie die volledige name van voeë nie.  
4.1.3 Die regte voeg is geskets maar die skof en die verstek is uitgelaat.  
Min kandidate het geweet waarom 'n voeg nie geskuur moet word nie.  
Baie kandidate kon nie drie voordele van PVA-lym noem nie.

VRAAG 5

Hierdie vraag is gemiddeld beantwoord.  
Min kandidate kon die stappe vir die voorbereiding van hout voor dit vernis word, korrek weergee.  
5.2.1 Baie kandidate het nie isometries geskets nie. Dit het hier ook veroorsaak dat waardevolle punte verbeur is. Baie kandidate se sketswerk was van ? swak gehalte.  
Kandidate ken steeds nie die hoogtes van tafels en stoele nie. Hulle kon net die tafel en stoel waarby hulle hierdie vraestel geskryf het, gemeet het.